**Jesus is die lig vir die wêreld**

**Joh 7:53-8:30**

**8 Junie 2025**

1. Vantevore: Debat tydens die loofhuttefees leer ons baie oor die Here Jesus – Hy is die Christus wat van die Vader gekom het om Sy opdragte uit te voer, en daarna sal Hy terugkeer na Sy Vader met alle gesag. Hy sal dan Sy Heilige Gees stuur om deur gelowiges die evangelie te versprei tot aan die eindes van die aarde.
2. Opmerkings oor Joh 7:53-8:11
    a. Nie deel van oudste manuskripte nie – later ingevoeg
    b. Nie alle manuskripte voeg dit op dieselfde plek in nie
    c. Meeste kommentatore erken dit beskryf historiese gebeure
    d. Tematies pas dit in tussen Joh 7 en 8 – maar nie chronologies nie
3. Die owerspelige vrou (Joh 7:53-8:11)
    a. Joodse leiers wil van Jesus weet wat straf moet wees vir skuldige owerspelige vrou
    b. Dilemma: Huidige praktyk vs wet van Moses vs Romeinse regering vs God se heiligheid en regverdigheid vs God se liefde en genade
    c. Jesus wys die leiers op hulle skynheiligheid: "Laat die een wat sonder sonde is, eerste 'n klip na haar gooi" – hulle gaan weg
    d. Jesus aan vrou: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan en moet nie meer sondig nie"
        - Sy ervaar liefde en genade van die Here – moet nie meer sondig nie
        - Hy ervaar heiligheid en regverdigheid van die Here – dra oordeel in haar plek
4. "Ek is die lig vir die wêreld" (Joh 8:12)
    a. Die situasie is donker: Jode verstaan nie, leiers is skynheilig en onkundig
    b. Jesus is die lig
        - Fokus van loofhuttefees – gedenk die wolk- en vuurkolom (Eks 13:21-22)
        - 1ste Skeppingsdag: Lig en donker
        - Ps 27:1, 119:105
        - Joh 1:4-5 – Jesus is die lig vir die mense
        - Op 21:23-24 – In Nuwe Jerusalem is die Here Jesus die lamp
    c. Jesus is die lig vir die wêreld – dus mense van alle herkomste
    d. Maar Jesus moet gevolg word om te deel in die lig
5. "As julle nie glo dat Ek Is nie, sal julle in julle sondes sterf" (Joh 8:24)
    a. Om Jesus te volg, beteken om te glo Hy is "Ek Is"
        - Dat Hy bestaan
        - Dat Hy die inhoud is van die "Ek is"- uitsprake
        - Dat Hy vervulling is van OT profesieë: Jes 43:25
        - Dat Hy God is (Eks 3:14)
    b. Jesus se verhoging aan kruis sal Jode laat begryp Hy is "Ek Is" (Joh 8:28-29):
        - Tydens verhoor getuig Hy Hy is die Christus
        - Hy het nie van die kruis afgekom nie
        - Drie ure duisternis aan kruis – God-verlatenheid
        - Lig na die duisternis, opstanding van dooies – Hy is lig en lewe
        - Romeinse centurio: "Hy was werklik Seun van God"
        - Jode se optrede met graf/wagte – het geweet Hy het opgestaan, lewe